KOMMUNIKAMMA

NG KERK
KRAGGAKAMMA
ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE

Teks vir die week:
Ps. 33:18 & 22. "Dit is die Here wat sorg vir die wat Hom eer, vir die wat op Hom vertrou.
22. Hou U liefde oor ons, Here, want ons stel ons vertroue in U".

SAKE VIR GEBED

*Vandag is biddag vir opvoeding en onderwys. Bid spesiaal vir almal betrokke by onderwys.

*Ons bid vir almal wat ongesteld is. Ons dink aan Irma Loots wat nog behandeling ontvang.

*Hartman Potgieter sterk tuis aan.

*Martha le Roux is baie swak.

*Ellenette Meiring se broer is oorlede.

*Dank die Here vir reën wat geval het en smeek om sy genade vir reën oral waar dit nog baie droog is.

*Ons dra ons gemeente en al die aktiwiteite aan die Here op en vra sy leiding in alles.

*Bid spesiaal vir Kleinskool en al die Noordelike gebiede waar bendegeweld hoogty vier. Bid vir die mense wat daar woon en werk.

*Ons dra MTR Smit se kinders aan die Here op.

*Bid asb vir Zimbabwe wat in onsekerheid en vrees lewe.

*Ons dra ook die Algoa Gemeenskapskerk aan die Here op en bid vir sy leiding.

Ons bid vir Christene in Somalië. Bid vir hul veiligheid en dissipelskapsgeleenthede, aangesien hulle geheime gelowiges is.

SONDAG 10 FEBRUARIE 2019

08:30 Eietydse diens
09:45 Kategese
10:00 Klassieke diens

19:00 Gesonde gesinsverhoudings (Week van gebed in die kerkgebou)
Baie welkom aan Johan Smith wat ons week van gebed kom lei.

Teebeurt vandag: Kappertjie sel
Teebeurt 17 Februarie: Vergeet-my-nie sel

Deurdankoffer - Sinodale dankoffer vir Vrouebediening

MAANDAG 11 FEB – WOENSDAG 13 FEB

Die tema van die week van gebed is: **Gesinne: oase of woestyn.** Die byeenkomste vind in die kerksaal plaas. Die deurdankoffer gaan gebruik word vir diens van barmhartigheid.
Daar is toesig gereël sodat kleiner kinders in die konsistorie kan saamkuier. Ons gaan ook elke aand lekker saamkuier met 'n koppie boeretroos of tee.

Maandag 19:00 - ***Die rol van ma en die rol van pa***
Dinsdag 19:00 - ***Maak vol die tenks*** Na afloop van die aandbyeenkoms kuier Johan met jeugleiers, ouers kerkraadslede en almal wat belangstel.
Woensdag 19:00 - ***Grense en dissipline***

MAANDAG 11 FEBRUARIE

12:45-14:00 Gebedskild in die gebedskamer.

MANNEBYEENKOMS VRYDAG 15 FEBRUARIE

05:00 by Elandré Bosch, Lilylaan 68.

SONDAG 17 FEBRUARIE

09:00 Belydenisaflegging in die kerkgebou.

SONDAG 24 FEBRUARIE

09:00 Nagmaal in die saal.

NUWE INTREKKERS

Vul asb die groen vorm in die voorportaal in. U kan ook die kerkkantoor kontak by tel 041-3601484 of 'n e-pos aan Anita by admin@ngkraggakamma.co.za

Jeugpiekniek

Sondag 3 Maart om 11:00 by die Westview Lapa. Bring swemklere, wors, broodjies drinkgoed en eetgerei. Vuur en kole word voorsien. RSVP teen 22 Februarie by die jeugleiers. Bring die hele gesin en geniet die dag.

(Let asb op na gewysigde datums)

There4-Bedieninge bied aan :
2de Geestelike Groei Kursus

Aandag: Alle Dames

Julle word uitgenooi na ons volgende Geestelike Groei kursus. Jy is baie welkom al het jy nie die 1ste kursus bygewoon nie. Dit gaan weekliks aangebied word; kies jou tydsgleuf; ons begin vanaf:

Dinsdag 19Februarie '19 - 09:00 tot 10:00; ***of***
Woensdag 20 Februarie '19 - 19:00 tot 20:00.

Laat weet asb die kantoor by 041 360 1946 indien jy dit kan bywoon.

There 4 Bedieninge bied aan:
*'n ***Kreatiewe Werkswinkel*** waar ons kaartjies van bemoediging maak vir gelowiges in die Midde-Ooste en Noord-Afrika.
Dinsdag 19 Februarie 2019 vanaf 10:00-12:00
Saterdag 23 Februarie 2019 vanaf 10:00-12:00

*Reise waar jy gelowiges wat in vervolging leef kan versterk:
Sendingreis na die Midde-Ooste en twee ***Damesbedieningsreise*** na die Midde-Ooste asook Noord-Afrika.

Kontak gerus ons kantoor by 041 360 1946 of stuur vir ons 'n e-pos na support @there4ministries.org indien jy belangstel

MAART MALLIGHEID

Oor 3 weke is dit 1 Maart en ons Maart-Malligheid gemeente konsert. Ons soek items van gemeentelede en kleingroepe.
Die fondse wat ingesamel word, gaan vir Kleinskool Inisiatief se studiefonds. Vanjaar het ons twee kandidate wat moontlik 'n BA graad wil doen, een student is in haar tweede jaar by Dower Kollege en Nangamso wil die pastorale kursus by Word of Faith doen. Twee goeie leerders is ingeskryf by Otto du Plessis en drie by Cilliers. Ons stuur agt mense om die kinderbediening-opleiding by PE Wes te ondergaan en ongeveer tien om opleiding in werks-etiek, winkelassistent, kasregister opleiding, kantoor administrasie en basiese rekenaar vaardigheid by Sia Sebenza (Work for a Living) te doen.
Baie dankie vir julle ondersteuning. Margita Marx

Kaartjies vir Maart malligheid kan by selgroepe gekoop word, of by die kerkkantoor. Die selgroepe wat nog nie hul kaartjies het nie, kan dit by kerkkantoor kom afhaal. Kaartjies is R60 per persoon.

CMR – TERUGVOER KERSETES

Baie dankie vir al die bydraes vir die 2 projekte tydens Desember in Bloemendal area.
Die grootste sukses was die kersfeesete en 350 individue is van maaltye voorsien, asook 100 lekkergoedpakkies vir die kinders.
Die volgende word benodig vir die bejaardes wat tweemaandeliks bymekaarkom om handvaardighede aan te leer: 1x6l melk, 750g koffie, 1x2.5 suiker.
Ons benodig ook asb 22 koffiebekers en 22 bordjies, asook muffin mix.
Dan is daar ook behoeftes vir babas: waslap, seep, wetwipes, room, babadoeke
Kleuters: opvoedkundige speelgoed
Laerskool: skryfbehoeftes
Hoerskool: Onderarmsproei, vroue benodigdhede
Volwassenes: Handdoeke, beddegoed, skoonmaakmiddels.
Enige finansiële bydrae sal waardeer word.

MIGHTY MEN 8-10 MAART 2019

Die Mighty Men Oos-Kaap gebeure vind oor 40 dae plaas. Kry al jou inligting by
www.mightymeneasterncape.co.za

KERMIS – WITOLIFANTTAFEL

Die Witolifanttafel is op soek na enige bruikbare artikels. Bring dit na die kantoor van Dinsdag tot Vrydag.

DE DUIN GEMEENTE POTJIEKOSKOMPETISIE

Datum: 9 Maart
Kom ondersteun asb ons potjiekos-kompetisie by De Duin gemeente.
Tyd: 10:30 – 14:00
Ete: R50
Poeding: R10
Pannekoek: R3
Koffie: R10
Vir navrae skakel: 041 585 4130.

MTR SMIT KINDEROORD

Almal word hartlik uitgenooi na 'n *Musiek Trivia* op 9 Maart 2019 om 18:30 by die Duitse klub.
Kaartjies: R50 per persoon
Kos en drinkgoed sal te koop aangebied word.

Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..